| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorsitter | Daniel jansen van Rensburg<br>Sel nr 076 634 6334<br>Epos daantjiejvrensburg@gmail.com | Onder Voorsitter | Louis Jansen<br>Sel nr. 073 260 3753<br>Epos: jansen_louis@yahoo.com |
| Sekretaris | Leslie Louw<br>Sel nr. 082 770 2318<br>Epos: louwleslie80@gmail.com | Tessourier | Ockie Swartz<br>Sel nr 082 844 7823<br>Epos ockertswartz@gmail.com |

NPO 930007958

NOORDWES

# Notule van Noordwes SAGES se Bestuurskomitee-vergadering gehou op 24 Maart 2026 by Potchefstroom Gholf Klub

## 1. Opening en Verwelkoming

Voorsitter, Daantjie jv Rensburg heet almal teenwoordig welkom, en Leslie Louw open met gebed.

## 2. Teenwoordig en Verskonings / Present and Apologies

Teenwoordig: Daantjie Jansen van Rensburg, Jimmy Hugh, Anton van Rooyen, Leslie Louw, Ockie Swartz, Stapes Stapelberg

Verskoning Louis Jansen

Daantjie jv Rensburg verwelkom Ria Swartz in die vergadering (ad hoc).

## 3. Lief en Leed / The bitter and the sweet

3.1 Louis Jansen – Daantjie jv Rensburg noem dat Louis toetse ondergaan het en dat die resultate op 30 Maart beskikbaar sal wees.

3.2 Jan Cornelius is oorlede Jimmy Hugh, Daantjie jv Rensburg en Chris Heyns het die begrafnis bygewoon.

3.3 Ampie Swanevelder ondergaan vandag 'n galblaas operasie.

## 4. Goedkeuring van die Notule van die Bestuursvergadering gehou 20 Januarie 2026.

4.1 **Goedgekeur met die volgende wysigings (indien enige).**

4.1.1 Geen

4.2 **Sake voortspruitend**

4.2.1 Geen

## 5. Aanvullende besprekingspunte

5.1 Nationals en AJV terugvoer

Anton van Rooyen doen verslag oor bg. Van die hoogtepunte is as volg:

- Anton noem dat die gees in die span baie goed was.
- Jimmy Gowans het die toernooi baie goed aangebied in aggenome die omstandighede (geen spel vanaf Dinsdag – Donderdag).
- Steyn en Andre het geeindig op 46 en Goggie en Johan op 45 met die beterbal kompetisie.
- Braam wen die C Div met 43 punte, met Steven in die 2de plek met 42 punte in die B Div.
- Goodie bags was gemiddeld
- Die gala ete vs die prys was bietjie teleurstellend.

AJV

- Andre Blom doen ‘n beroep dat jonger lede op komitees moet dien en hulleself beskikbaar stel.
- Con Esterhysen noem dat Kansa ons voorkeur organisasie bly om geld voor in te samel en dat die R10mil kerf oor die afgelope 20 jaar bereik is.
- Eddie Mantle rapporteer dat die wins vir 2025 R351k was. Geld in die bank is R1,252m.
- Dames sal in die vervolg toegelaat word om Medal te speel, maar dat hulle van blou bowwe af moet speel.
- Nationals sal oor 5 dae gespeel word.
- “Code of conduct” en “disciplinary procedure” sal tot die “Operations Manual” bygevoeg word.
- NMC personeel sal nie vergroot word nie (3 lede).
- Bestuurslede sal langer as 5 jaar kan dien, maar kan uitgestem word.
- Streeks Notules sal slegs deur die NMC hanteer word.
- Lewenslange erelidmaatskap vir Daantjie jv Rensburg sal in Bloemfontein aan Daantjie oorhandig word sou hy daar deelneem.
- Andre, Con en Eddie word eenparig herverkies, asook ouditeure.

3sixty GLOBAL SOLUTIONS GROUP
DGH

Daantjie jv Rensburg bedank Anton vir sy bydrae tot spanbou en noem dat dit die beste tot nou toe was.

Daantjie jv Rensburg stel voor dat die Komitee die helfte van die deelnemers se inskrywingsfooi betaal. R675 x 8 = R5,400. Die geld sal nie aan lede terug betaal word nie, maar hulle sal die volgende 3 toernooie wat hul speel nie hoef te betaal nie.

5.2 Streekstoernooi Bloemfontein

Daar is huidiglik nog net 12 spelers. Dit sal goed wees as nog ‘n span van vier bymekaar gemaak kan word. Ockie Swartz sal weer op die groep vra.

5.3 4-hoekig Welkom. Daantjie en Ockie wag vir die uitnodiging.

5.4 Goldfields 12 Mei. Ockie en Daantjie sal dit bestuur. Dit sal ‘n beterbal formaat wees.

5.5 Handicaps

5.5.1 Jimmy bespreek weer ‘n paar gevalle waar telkaarte verkeerd ingelees is. Hy noem ook gevalle waar lede van klubs verander het, en dit verskil van die ledelys. ‘n Versoek sal weer op die W/A groep geplaas word dat enige verandering in lede se persoonlike inligting bv. e-pos, tel. nr. of klub aan Leslie Louw (Sekretaris) gestuur moet word.

5.5.2 Ockie Swartz stel voor dat nuwe lede eers na ‘n jaar se lidmaatskap aan die klub kampioenskappe mag deelneem. Daar is egter besluit dat enige lid wat aan die Klubkampioenskappe wil deelneem, ten minste 6 telkaarte in die jaar voor die kampioenskap ingelees het.

5.5.3 In die toekoms moet IPS telkaarte onderling geruil word en nie op die karretjie nie. Maw jy ruil met iemand in die ander 2-bal.

5.6 Daar is ‘n klagte ontvang aangaande die inlees van tellings m.b.t. Steven le Roux. Daar sal ‘n skrywe aan hom gerig word sodat hy die kans gebied word om dit op te klaar.

In die algemeen bly dit ‘n bekommernis dat daar lede is wat verkeerde tellings inlees om hulle voorgees te beskerm.

**6. Lede aangeleenthede**

**6.1 Nuwe lede**

6.1.1 Dirk Snyman

**6.2 Lede bedank / afgesterf**

6.1.2 Jan Cornelius is oorlede.

6.1.3 Leon du Preez en Anthony Jennings het bedank

**7. Gryswys bydraes**

Mrt – Daantjie. Apr – Leslie, Mei – Ockie, Jun – Stapes, Jul – Anton, Aug – Louis, Sep – Jimmy, Okt – Leslie

**8. Finansies**

8.1

| Datum | Lopende rekening | Spaar rekening |
|---|---|---|
| 28.02.2026 | R7,478.53 | R54,318.91 |

8.2 Daantjie jv Rensburg bespreek die huidige kontant vloei en maak verskoning dat die state nie uitgedruk is nie.

**9. Balvoorraad**

Ons het nou 53 balle in voorraad.

Daar word versoek dat lede op die uitkyk moet wees vir spesiale pryse op balle om weer ons balvoorraad aan te vul.

## 10. Afsluiting en volgende vergadering

Daantjie jv Rensburg sluit die vergadering af. Volgende vergadering is 26 Mei 2026 by Potchefstroom Golfbaan om 09:00

| ______________________ | ______________________ | ______________________ |
| --- | --- | --- |
| Voorsitter | Sekretaris | Datum |